

Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika
Streeksinode Kaapland– ISinodi-phondo – LaseKapa

Moderator: Ds. Dr LLM MacMaster
Scriba: Ds. HHH Tromp

Assessor: Ds. E. Vinqi
Actuaris: Ds. LL Plaatjie



Addisionele lede: Ds. J Williams, Br. S Dandala, Prof. MA Plaatjies-Van Huffel & Sr. MN Mplatyi
Belhar Sinodale Kantoor
Privaatsak X1, Belhar, 7507
Tel. 021-952-2151 / Faks : 021 952 5806
E-pos : scriba@vgksa.org.za

22 MAART 2020 - DAG VAN GEBED

Beste lede van die VGKSA

Ons groet u in die Almagtige Naam van onse Here Jesus. Gelowiges wêreldwyd word uitgedaag deur die COVID-19 pandemie. Die moderatuur het daarvoor 'n dag van gebed op 22 Maart 2020 uitgeroep om die COVID-19 in gebed en smeking voor die Here te bring. Ons het 'n stil plekkie nodig waar God met ons kan praat. Kom ons bid vir beskerming van alle mense en alle nasies teen die korona-virus asook vir die kuur daarteen. Dwarsdeur die geskiedenis het gelowiges gedurende tye van plaag en pestilensie gebid en God het hulle gebede verhoor.

Ons is nie vrygestel van die hartseer en pyn in hierdie wêreld nie. Jesus sê vir ons dat ons probleme sal hê, maar dat ons bemoedig kan word daarin dat Hy klaar die wêreld oorwin het! (Johannes 16:33) Deur die Skrif, kan ons vertroos, weet ons dat God getrou is, en dat Hy werklik vir ons omgee en ons beskerm. Selfs in tye van hierdie pandemie is Hy steeds God met ons, Immanuel. Daar is talle Bybelse waarin ons 'n vrede kan vind wat alle verstand te bowe gaan byvoorbeeld in 'n tyd soos hierdie sal jy vrede vind in Skrif-lesings soos “Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.” (Jes. 41:10).

Gebruik die litanie hier onder telkens wanneer u mediteer, sing en saam met ander bid tydens hierdie nasionale ramp. U mag gebruik maak van ander Skrifverse. Laat tyd toe vir God om met jou te praat.

Die formaat is 'n meditatiewe diens en bestaan uit die volgende elemente:

- 1) Begin jou gebed tyd met 'n bekende gesang, lied of koortjie.**
- 2) Lees 'n gedeelte uit die Skrif.**
- 3) Sing of luister na 'n ander bekende gesang, lied of koortjie.**
- 4) Sit in stilte vir 'n tyd en luister na God.**
- 5) Sing of luister na 'n ander bekende gesang, lied of koortjie.**
- 6) Doen voorbidding.**
- 7) Sluit af met die Onse Vader.**

1. Begin jou gebed tyd met 'n bekende gesang, lied of koortjie. *(kies iets wat bekend is uit jou eie konteks)*

2. Lees 'n gedeelte uit die Skrif

L: Psalm 86: 1-12

'n Gebed van Dawid. Luister tog na my, Here, verhoor my gebed, want ek is hulpeloos en arm. Beskerm my, want ek is u troue dienaar, red my, want U is my God, op U vertrou ek. Wees my genadig, Here, ek roep die hele dag deur na U. Maak my bly, Here, ek hunker na U. U is goed, Here, U vergewe altyd weer, U is getrou teenoor dié wat na U roep om hulp. Luister na my gebed, Here, gee tog ag op my smeekgebed. Op die dag van my nood roep ek na U, U sal my gebed verhoor. Daar is geen god soos U nie, Here, niks kan met u werk vergelyk word nie. U het al die nasies gemaak; hulle sal voor U kom buig, Here, en aan u Naam die eer gee, want U is groot en doen magtige dade, U alleen is God Leer my u pad, Here, ek wil wandel in u waarheid; leer my U met toewyding dien. Met my hele hart sal ek U prys, Here my God, u Naam altyd eer, want u liefde vir my was groot: uit die dieptes van die dood het U my gered.

L: Deernisvolle Here, u het gely en het vir ons gesterf; U verstaan lyding. Deernisvolle God, gee ons geloof om u te soek in tye van swaarkry. O Here, ons kom na u ten tye van 'n globale krisis om te beskerming teen die pandemie te vra wat alreeds derduisende mense wêreldwyd geraak het. Ons bid vir die siekes om genees te word, die angstige om te kalmeer en dat die verspreiding van die siekte beperk sal word.

Almal: Here hoor ons bede.

L: Ons bid vir die siekes om genees te word, en ons bid ook die dokters en verpleegsters, die medici, die tuisversorgers, wat die pasiënte versorg. Wees met die navorsers. Help hul om 'n kuur te vind om die dodelike virus te kan beveg. Hou hulle veilig in die Naam van onse Here Jesus. Ons hou vas aan die belofte uit u Woord wat verklaar: "Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie."

Almal: Here hoor ons bede.

L: Ons bid vir ons politieke leiers wat verantwoordelik is vir besluite oor die stryd teen die virus. Vader ons soek daagliks u wysheid. Wees by mense in posisies wat besluite neem wat die lewens en toekoms van ons families, gemeenskappe en lande beïnvloed. Kalmeer ons vrese, versterk ons vertroue. Herstel ons vir die gesondheid sodat ons kan werk tot u eer en heerlikheid.

Almal: Here hoor ons bede.

L: God u is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; U was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, *(vgl. Psalm 46:12)*

Almal: Here hoor ons bede. Vir die mens wat in gevaar verkeer, is die U 'n toevlug, 'n skuilplek in tye van nood. *(vgl. Psalm 9:10)*

L: Deernisvolle Here bewaar ons van die virus.

Almal: Hoor ons, o Here, red ons, o Jesus

L: God van deernis, ons maak aanspraak op die beloftes in U Woord as ons bid vir diegene wat ly en verlang na u genesende aanraking in ons gemeente, gemeenskap, Suid-Afrika, Afrika, die wêreld.

Almal: Here hoor ons bede.

L: Here, luister tog na my gebed, hoor tog my geroep om hulp! Moet U tog nie van my afsydig hou nou dat ek in die nood is nie. Luister tog na my wanneer ek U aanroep, verhoor tog gou my gebed *(vgl. Psalm 102: 2-3)*

3. Sing of luister na 'n ander bekende gesang, lied of koortjie.

L: Almagtige God, Here van lewe en dood: wêreldwyd het reeds duisende gesterf. Ontferm u oor ons.

Almal: Here hoor ons bede.

4. Sit in stilte vir 'n tyd en luister na God's Woord

(Dit is die hart van die gebedsdiens, so moenie haastig wees nie. Sit stil en luister na God se Woord en mediteer oor die Skrif. Laat God toe om met u te praat)

L: Laat ons ons doen en late deeglik ondersoek en ons tot die Here bekeer, laat ons met ons hele hart ons hande na God in die hemel uitsteek en bely: *(vgl. Klaagliedere 3:40-41)*

L: Psalm 27:1, 7-8, 13-14: Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees? Luister tog na my, Here, as ek roep; wees my genadig en verhoor my gebed. Ek onthou wat U gesê het: "Julle moet My kom dien!" Ek is hier om U te dien, Here. Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan vals getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan. As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie ...!

Almal: Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig *(vgl. Psalm 23: 4)*

L: Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. *(vgl. 1 Petrus 5:6,7)*

Almal: Here wees ons genadig. Christus wees ons genadig

5. Sing of luister na 'n ander bekende lied, koortjie

6. Doen voorbedding

L: Genadige Here, Almagtige Jesus Christus ons vertroosting en krag in tye van ramspoed, krisis of chaos. Omring ons nou met u genade en vrede in Jesus se naam. O genadige God, Vader van Barmhartigheid, dankie dat u ons smeekbede gehoor het.

7. Afsluiting:

Bid of Sing die Onse Vader

Moderatuur VGKSA Streeksinode Kaapland

Ds Dr LLM MacMaster

Ds E Vinqi

Ds HH Tromp

Ds LL Plaatjie

Ds Prof MA Plaatjies Van Huffel

Ds J Williams

Ouderling NM Mplatyi

Ouderling SS Dandala